

Skep moed en werk!

Dit was 66 jaar tevore dat die pragtige tempel van Salomo verwoes is. Onder die teruggekeerdes was daar nog enkele oues wat uit hulle kinderjare Salomo se tempel onthou het. By die aanskouing van die powere tempel wat nou in Jerusalem verrys, het hulle trane in die oë gekry. Hierdie hartseer van die oues het soos 'n demper op die entoesiasme van die jongeres gewerk en die voortgang van die bouwerk in gevaar gestel.

Tydens die huttefees kom die woord van die HERE weer om die volk te bemoedig. Die bouwerk moet voortgaan. God, wat tydens die uittoeg uit Egipte 'n verbond met hierdie volk gesluit het, wil onder hulle woon as hulle God (Hag 2:5; Eks 25:8). Dit was Israel se rykdom en heerlikheid en nie die uiterlike skoonheid van die tempel nie.

God beur sy volk op deur sy teenwoordigheid te herbevestig. Almal wat bou, sal deur sy Gees versterk word. Daarby kom 'n belofte dat hierdie skynbaar nietige tempel verheerlik sal word (vs 7). Dan die vervulling – eers die pragtempel van Herodes; dan die vervulling van Maleági se profesie: ... *dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond na wie julle 'n begeerte het* (3:1). Johannes bevestig dit: *ons het sy heerlikheid gesien* (1:14).

Wanneer die enige offer gebring word, skeur die tempel se voorhangsel en later word die tempel finaal verwoes. Nou verrys die eintlike tempel – 'n tempel van lewende stene waarin die Gees van God woon (1 Kor 3:16).

Ons word geroep om aan hierdie tempel te bou met ons dienswerk. Al lyk die kerk soms swak en klein, moet dan nie moedeloos word nie, maar bou in gehoorsaamheid. Want hierdie tempel sal verheerlik word op die nuwe aarde, en wat nou swak en klein is, sal blom in heerlikheid: *Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God sal self by hulle wees as hulle God* (Openb 21:3).

Sing: Psalm 90:9 (1936)

Prof LF Schulze (Emeritus)